

## Lobelia erinus

A: miskien galjoenblom D: Maennertreu



As ons nou ry en ons kom op 'n groot blou blommekol langs die pad af, dan is ons stomgeslaan!  
Hierdie plant kom na 'n goeie reënseisoen in die lente voor; dit is NIE 'n algemene beeld nie.

Lobelia is 'n inheems suidelik-afrikaanse plant en is selfs "verbeter" om kommersieel gekweek te word vir rotstuine en/of as hangmandjieplante. Hulle vertoon pragtig, omdat hulle blou so uitsonderlik sterk en helder is.

Nie giftig nie, net eenvoudig PRAGTIG! Geniet die gesig, dit kom nie elke jaar voor nie.



## Tarchonanthus camphorates

E: camphor bush A: kamferbos, vaalbos D: Kampherbusch, Fahlbusch H: omuteyatupa


Die struik of klein boom kom vanaf Saudi Arabia tot in die RSA in savannagebiede voor vanaf 700 m tot 2 700m bokant seespieël, meer in sanderige gebiede, maar ook met kalkerige grond.

Die plant is tweehuisig, d.w.s. daar is 'n manlike plant en 'n vroulike een. (Ek kon nog nie die verskillende blomme uitmaak nie, ek neem aan my foto wys 'n vroulike blommetjie) Ek wonder nogal hoe die verhouding van manlike tot vroulike plante is; het iemand 'n idee?

So bekend soos die plant is, soveel gebruike het dit

- Raamwerk vir pondokke
- DROPPERS (daar word beweer dit hou vir 30 jaar!)
- Handvatsels vir gereedskap, assegaaië, pylstokke en boog, loop- en grawekieries/-stokke,
- Bootskonstruksie (die bote wat in vlak waters met stawe/pale vorentoe gestoot word -Stakhoelzer)
- Kleinerige meubels, afrikaanse musiekinstrumente
- Vuurhout (dit brand ook as nog groen)

- Voer vir wild en vee.....Diere vreet dit nie orals nie.In party omgewings word dit tot op die grond afgewei, in ander gebiede glad nie. HOEKOM? Het dit iets te doen met die grond en/of die smaaklikheid" Ek kon niks uitvind nie.
- In die noordwes provinsie in Suid Afrika word dit as 'n belangrike voedingsbron beskou. Die grootste waarde lê in die hergroei van die struik. Ouer takke en blare van die plant bevat redelik hoë vlakke van sellulose wat die verteerbaarheid daarvan kan beïnvloed. Ru-protein van jong lote en blare lê in die orde van 15 %. In 'n afrondings rantsoen waar vaalbos 30 % van die rantsoen uitgemaak het, tesame met mielie-meel, Voermol, proteïnkonsentraat, sout en di-kalsiumfosfaat, het SA vleismerino's besonder goed gepesteeer, met 'n GDT van 220g. Boere in Noordwes, oes en maal vaalbos en berg dit vir voer in droë jare. Wanneer slegs gemaalde vaalbos gevoer word, kan spysvertering steurnisse voorkom, maar kan opgelos word met die byvoeging van melasse. In Vryburg in 'n proef met *Grewia flava*, *Terminalia sericea* and *Tarchonanthus* het die bees in die proef vaalbos verkies. (LEON LUBBE)
- Heuning van die plant is glo baie lekker (vir insekte seker ook)
- Takke met blare word as luisafweerder in die kooi gesit; blare op kole gesit veroorsaak rook wat insekte verdryf
- Van die aromatiese hout en blare word 'n parfuim gemaak (dalk aromatiese poeier)
- Blykbaar bevat die hout 'n gifstof, wat veroorsaak, dat wonde veroorsaak deur vaalbos-houtsplinters NIE MAKLIK GENEES NIE. Die gifstof in die hout vernietig lewende selle.



Bosindringing: *Tarchonanthus camphoratus*  
**REGENERATES VIGOROUSLY** after cutting or burning and can become a WEED. (direk aangehaal uit Wikipedia ens.)

#### Medisinale gebruike:

- Blare word gekou teen keel- en borsmoeilikhede
- Blaartee teen hoes (dit smaak BAIE SLEG, bitter en brand die mond, jy is sommer vanself weer gesond)
- Rook van gedroogde blare op kole gegooi word ingesem teen asma/ toegetrekte bors
- Die pyl en boog van 'n jagter van wie 'n familielid gesterwe het, moet in die rook gehou word van gedroogde blare op kole gegooi, sodat die siel van die gestorwene kan tot ruste kom.... dalk daarvandaan die naam "begrafnisblom"...Tarchos = begrafnisritueel en nanthos = blom)
- Rook van gedroogde blare in die pyp het 'n verdowende werking, gedroogde en fyn gemaalde blare word ook gesnuif om die neus oop te maak
- die kruid laat sweet, laat bloeding stol (inwendig), help teen tandpyn, wintersvoete en -hande (Frostbeulen) en maagaandoenings

'n GOED BEKENDE PLANT met BAIE gebruiksmoontlikhede!

Daar is van ons by wie die vaalbos te veel plek inneem, wil sê, plek, waar gras kon gestaan het; so te sê 'n probleemplant....Dalk kry julle nou 'n idee, wat om te doen OF wat om NIE te doen nie.

#### Inligtingsbronne:

Google Wikipedia  
 People's Plants (B-E van Wyk, Nigel Gericke)  
 Wildflowers of the Central Highlands of Namibia (Coleen Mannheimer)  
 Gembokbean & Kalahari truffle (Arno Leffers)  
 Flowering Plants of the Kalahari Dunes (Noel van Rooyen)  
 Heil-, Gift- und Essbare Pflanzen in Namibia (E. v.Koenen)  
 Die A-Z van Tuinblomme in Suid-Afrika (Kristo Pienaar)  
 Leon Lubbe (dankie!)

Teks en fotos: Anka Eichhoff